Oprah-skool: Babaseun is versmoor

2011-09-14 04:42

Jacques Steenkamp

’n Seuntjie wat vroeër vanjaar dood in ’n plastieksak by die -Oprah Winfrey Leadership Academy for Girls by Henley on Klip gevind is, is lewend gebore, maar weens versmoring dood, is in die lykskouing bevind.

Beeld het die laaste paar maande herhaaldelik probeer om antwoorde oor die saak by die polisie en die nasionale vervolgingsgesag (NVG) te kry, maar niemand wou veel sê nie omdat dit ’n “baie sensitiewe saak is”.

Gerugte doen die ronde dat Winfrey se regspan die saak met ’n valkoog dophou en mense gedagvaar sal word as enige inligting aan die media uitgelap word.

’n Bron na aan die ondersoek het aan Beeld bevestig dat daar in die lykskouing vasgestel is die baba is vermoedelik vermoor.

Me. Mona Moerane, NVG-woordvoerder, het die bevindings van die lykskouing bevestig.

Paramedici is op 16 Februarie omstreeks 20:00 na die skool naby Johannesburg ontbied nadat ’n 17-jarige leerling baie gebloei het en hospitaal toe geneem moes word.

“Drie van die leerling se kamermaats het ’n swart plastieksak uit ’n vullisblik gehaal en dit aan die paramedici gegee,” het nog ’n bron gesê.

Die leerling is na die Midvaal-hospitaal in Vereeniging geneem. Paramedici het by die hospitaal deur die plastieksak met bebloede klere gesoek en toe op die gru-vonds afgekom.

Volgens ’n bron het dit gelyk of die baba gesond gebore is. Kapt. Shado Mashobane, polisiewoordvoerder, het destyds gesê ’n saak van verberging van ’n sterfte word teen die meisie ondersoek “tensy die lykskouing bepaal die baba is vermoor”.

Beeld het vertroulik verneem dat die saak ná sewe maande nog nie op die hofrol geplaas is nie.

Die direkteur van openbare vervolging (DOV) in Pretoria moet nog besluit of die meisie vervolg gaan word.

Moerane het gesê die NVG wag nog op die forensiese verslag en ’n assesseringsverslag, wat deur ’n maatskaplike werker opgestel moet word voordat die DOV kan besluit.

Volgens Beeld se inligting is die kind ná die voorval terug na haar ouers in die Oos-Kaap, maar Moerane het dit ontken en net gesê: “Die ma is nie in die Oos-Kaap nie.”

Moerane het geweier om te bevestig of ’n saak van moord nou ondersoek word.

Harpo Communications, Winfrey se woordvoerders in die VSA, het gesê: “Omdat die voorval nog deur die owerhede ondersoek word, kan ons nie verder kommentaar daaroor lewer nie.”

Konteks en Verduideliking

The Oprah Winfrey Leadership Academy for Girls - South Africa is a girls-only boarding school that officially opened in January 2007 in Henley on Klip near Meyerton, south of Johannesburg, South Africa
Inspired by her own "humble beginnings" and disadvantaged background, Oprah Winfrey stated that she founded the Leadership Academy to provide educational and leadership opportunities for academically gifted girls from impoverished backgrounds in South Africa who exhibited leadership qualities for making a difference in the world.[1] The current headmistress is Mrs Anne Van Zyl who has been at the academy since 2010 and has had a history as a pioneer and agent of change in girls education.[2]

1. Woordeskat

Afrikaans	**English**
vanjaar	
gebore	
versmoring	
weens	
lykskouing	
herhaaldelik	
probeer	
probeer	
nasionale vervolgingsgesag	
Gerugte	
Regspan (reg + span)	
inligting	
uitgelap	
Bron	
ondersoek	
bevestig	
vermoedelik	
vermoor	
omstreeks	
ontbied	
nadat	

kamermaats	
gesond	
gru	
vonds	
verberging	
sterfte	
bepaal	
vertroulik	
verneem	
openbare	
vervolging	
besluit	
verslag	
maatskaplike	
geweier	
ontken	
owerhede	

2. Idiome
Verduidelik die betekeinis van die volgende idiome wat in die teks aangetref word.
2.1. met ‘n valkoog dophou

3. Begripsoefening
Beantwoord die volgende vrae met behulp van die gegewe teks
3.1. Waar is Oprah se skool gelee?
3.3. Kan beide seuns en meisies die skool bywoon. Gee ‘n rede vir jou antwoord.
3.4. Watter skokkende voorwerp is by die skool gevind?
3.5. Wat is na ‘n lyksskouing duer die polisie uitgevind?
3.6. Wat is ‘n lyksskouing?
3.7. Wanneer word ‘n lyksskouing gehou?
3.8. Waarom wil die owerhede nie inligting aan die koerante verskaf nie?
3.9. Wie het die lyksskouing se bevindings bevestig?
3.10. Waarom is die paramedici na die skool ontbied?
3.11. Hoe oud is die pasiënt wat deur die paramedici versorg is?
3.12. Wat het die kamermaats aan die paramedici gegee?
3.13. Wat het die paramedici in die voorwerp gevind?
3.14. Hoe weet ons dat die baba gesond gebore is? Haal ‘n gedeelte uit die teks aan as jou antwoord.
3.15. Waarvoor wag Mnr. Moerane voor hy kan besluit om die saak verder te neem?
3.16. Waar kom die leerder in die artikel vandaan?
3.17.1. Waarom sê Harpo Communications kan hulle nie kommentaar lewer nie?
3.17.2. Dink hierdie rede is geldig?
3.17.3. Verduidelik jou antwoord in vraag 3.17.2.